

Teksgedeelte:

Miga 2:12-13

Aktiwiteit:

Lees die volgende kortverhaal aan die klas:

Donderstorm.

Dit was 'n helder dag, toe jy skielik
kon sien hoe die wolke begin naderkruip,
na donker en angswekkend.

Die Bemanning het gespartel soos
weerlig en donder in die lug rondgedans het.
Die Donderstorm het met mening nadergekom.

Die Bemanning kon die krag van golwe
wat teen die kante van die skip breek voel,
soos wind en weer die boot van kant-tot-kant
laat dobber en hulle met mening veg
vir oorlewing teen die genadelose krag
van Die Water – hulle Hoop het hulle deurgedra.

Die storm was so vinnig verby soos wat dit gekom het.

Stilte.

Hulle kon voortseil op die kalm waters.

(Verwerking van 'n kortverhaal deur Audrey A. Cooper <http://www.authorsden.com/visit/viewshortstory.asp?id=1454> soos op
6 Mei 2010)

Agtergrond:

(uittreksel uit Herman de Kock se voorbereiding)

Ons het in verlede week se preek gehoor, (en dit kom ook verder in Miga uit), dat as kerk van God, moet en kan ons nie stilbly oor dit wat verkeerd is nie. Ons moet ons stemme laat lugtyd kry deur op te tree teenoor dit wat ons sien verkeerd is.

Maar soos ons in Miga sien, moet ons stemme nie net lugtyd kry om aan te dui wat verkeerd is nie. Ons moet ook ons stemme lugtyd gee om hoop in die wêreld te bring. Ons moet vir die wêreld hoop bring.

Ons moet besef dat God hier is. Ja, ons leef in 'n wêreld waar daar baie misbruik van mag is. Ons leef in 'n wêreld waar dinge baie donker is en daar baie mense sonder enige vooruitsig of hoop is.

En is dit nie waar die kerk van God inkom nie? Ons moet met al ons foute en skete steeds daarna streef om vir die wêreld te wys dat God by ons almal is. En dat dit op sig self vir ons hoop moet gee. En dit gebeur deur eenvoudige dinge.

Reviewing:

Diamante:

- Wat het gebeur, wat jy gehoop/gedink het, sou gebeur?
- Vertel die storie asof jy een van die bemanningslede/storm/boot/helder dag is.

Harte:

- Hoe voel jy/wat dink jy as jy 'n storm sien opsteek?
- Watse temas sou jy in hierdie storie gebruik? (Is dit verskillend/dieselfde)
- Hoe voel jy wanneer 'n storm verby is?

Skoppens:

- Hoe is die Bemanning in die storie soos die Kerk?
- Wat is die Hoop wat die bemanning gehad het?
- Hoe is hierdie storie dieselfde/anders as die gedeelte uit Miga?

Klawers:

- Wat is die Hoop wat die Kerk het.
- Wat is die Hoop wat die kerk aan mense kan uitdeel.
- Hoe het God jou al gehelp toe dit gevoel het dat jy in 'n storm was?
- Hoe kan God jou gebruik om ander te help in hulle storms.